



Dit is Janale van den Berg, 'n tweedejaarstudent in tandheelkunde by Tuks, se droom om Suid-Afrika op die Olimpiese Spele in 2024 in skerm te verteenwoordig.
Foto: REG CALDECOTT

Skerm laat jou soos 'n skaakspeler dink

Wilhelm de Swardt

Studente met konsentrasie- en wiskundeprobleme moet dit ernstig oorweeg om te begin skerm.

Janale van den Berg, 'n tweedejaarstudent in tandheelkunde by Tukkies, vertel toe sy op skool begin skerm het, het haar wiskundepunte met 10% verbeter.

"Skerm is nie net 'n ideale sport om fiks te word nie.

"Vandat ek skerm, is my waarneming soveel fynere en kan ek langer aaneen konsentreer.

"Dit dra daartoe by dat ek makliker studeer en moeilike begrippe vinniger verstaan.

"'n Studie wat by skole in die VSA gedoen is waar skerm as sport aangebied word, het gewys dat die leerlinge wat dié sport beoefen nie net meer gedissiplineerd is nie, maar ook beter in wiskunde en wetenskap presteer."

Van den Berg het aanvanklik aan vyfkamp saam met haar pa,

Johan, deelgeneem. Dié sport waar atlete moet skerm, skiet, swem, draf en perdry is egter tydrowend.

Daarom het sy uiteindelik gekies om in skerm te spesialiseer. "Die feit dat ek baie individuaalities van aard is, het my besluit beslis vergemaklik. Ek hou daarvan om dinge op my eie te doen.

"Skerm is anders as ander individuele sportsoorte. In draf byvoorbeeld is die enigste uitdaging om in die vinnigste moontlike tyd by die eindpunt aan te kom.

"In skerm moet jy die hele tyd dink. Dit is amper soos skaak.

"Elke teenstander het sy unieke manier van dinge doen. Die uitdaging is om binne sekondes te probeer uitwerk wat die sterk- en swakpunte is. Dan moet jy 'n plan maak om te troef. Dit is opwindend."

Van den Berg was bedrywig oor Desember.

Sy het eers vir skermlesse in Boedapest gegaan. Sy het ook by verskeie klubs geoefen.

Daarna het sy 'n oefenkamp bygewoon voordat sy aan 'n tweedaagse skerm-marathon in Praag deelgeneem het.

Sy het dit wat haar internasionale leermeesters haar geleer het, met vrag toegepas en die marathon gewen.

In die twee dae het sy aan byna 70 gevegte deelgeneem, net 'n handvol verloor en as die algehele wenner uitgetree.

'n Geveg kan tot drie minute duur.

Van den Berg se groot doelwit is om Suid-Afrika op die Olimpiese Spele in 2024 te probeer verteenwoordig. Wat vanjaar betref, is dit om goed te vertoon op die Afrika-byeenkoms wat in Julie in Tunisië plaasvind.

"Dit is waarom ek internasionaal gaan oefen en deelneem het. Ek moet begin om meer internasionale ranglyspunte te verdien en ervaring op te doen," sê Van den Berg wat verlede jaar 'n silwermedalje op die Suid-Afrikaanse byeenkoms verower het.